# SPESIALE UITGAWE OOR VIGS

Gedurende die laaste gedeelte van die twintigste eeu het VIGS toenemend 'n vraagstuk van die allergrootste belang geword. Oor VIGS is al baie geskryf - vandaar ongelukkig die dikwels sensasionele, populêre en misleidende aard van sodanige geskrifte.

Die VIGS-gespreksgroep van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO was vir 'n geruime tyd besig met 'n omvattende, interdissiplinêre navorsingsprojek oor VIGS. Voortspruitend uit 'n seminaar wat gedurende Maart 1990 gehou is, is die bydraes uit die verskillende vakrigtings verwerk as artikels. Die doel met hierdie uitgawe is onder andere om die verkreë inligting aan lesers beskikbaar te stel en terselfdertyd 'n wyer perspektief op die VIGS-problematiek te bied.

Hierdie reeks artikels begin deur sommige virologiese aspekte in verband met die voorkoms en die verontrustende eienskappe van die VIGS-virus asook die immunologiese implikasies daarvan vanuit 'n biologiese invalshoek te beskryf. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die moontlikhede om 'n entstof of 'n ander teenmiddel te ontwikkel - 'n gedagte wat enersyds die dodelikheid van die virus belig en andersyds die relatiewe magteloosheid om die virus op hierdie stadium farmaseuties te beveg, beklemtoon.

'n Aanduiding van die demografiese verspreiding van hierdie siektetoestand in Suid-Afrika word in die volgende artikel gegee. Hieruit blyk die ontstellende implikasies wat VIGS inhou vir een sektor van die Suid-Afrikaanse bevolking waar die virus verreweg die meeste voorkom. Hierdie artikel word ondersteun deur die gedagtes wat na vore kom wanneer die moontlike maatskaplike gevolge van hierdie siekte onder die loep geneem word.

Al hierdie meer praktiese oorwegings lei onvermydelik na die enkele gebied wat uitgesonder word as 'n terrein wat 'n moontlike oplossing kan bied, naamlik die etiese. Die etiese beoordeling van die VIGS-probleem word vanuit 'n reformatories-Christelike invalshoek benader.

'n Perspektief word ook gebied vanuit die ekonomiese en bestuurspraktyk - 'n terrein waar die uitwerking van VIGS tot dusver nog nie duidelik aantoonbaar is nie en vanweë die onopsigtelikheid daarvan dikwels geïgnoreer word. Tog bied die projeksies wat in hierdie artikel gemaak word, insiggewende hoewel verontrustende inligting.

Die Redaksie hoop dat hierdie bydraes diskussie sal ontlok en bewuswording van die vele fasette van VIGS sal stimuleer. Reaksie op die artikels word verwelkom - òf in die vorm van wetenskaplike artikels wat volgens die normale prosedure voorgelê word vir keuring, òf in die vorm van korter diskussies wat in die forum vir besprekings gepubliseer kan word.

Redakteur

# SPECIAL ISSUE ON AIDS

In the late twentieth century AIDS has become an issue of over-riding if at times (deliberately?) neglected importance. A great deal is being written about it, often unfortunately of a sensationalist, popular and therefore essentially misleading nature.

The AIDS discussion group at the Potchefstroom University for Christian Higher Education has been involved in an inter-disciplinary, comprehensive research project for a considerable time. Following a public seminar during March 1990, the contributions from the various fields have been written up as articles, and are being presented here in a single issue in order to render them accessible to the reader and to offer as wide a perspective possible.

The series of articles begins with a biological outline of the viral aspects of the condition and the particularly disturbing qualities of this virus and its immunological implications. This is followed by a consideration of the possibilities of developing vaccines or other countering agents, an article which underlines the deadliness of the virus on the other hand and the relative helplessness of the pharmaceutical world at this stage in countering the virus.

The demographic distribution of the condition in South Africa follows, with particularly disturbing implications for one sector of the South African population where the virus has shown by far the highest incidence so far. This is supplemented by reflections on the possible societal implications of the disease.

All these moral practical considerations lead one inevitably to what has been mooted as the single field where a solution is to be found, viz. the fields of ethics. An ethical perspective is offered from the reformational Christian viewpoint.

A final disturbing perspective is offered from the ecomonic vantage point, a perspective which is at this stage, where the condition is still for the larger part dormant and therefore not visible and easy to ignore, a speculative but intriguing one.

The Editorial Board expresses the hope that these contributions will stimulate awareness and discussion, and that responses will be forthcoming, either in the form of scientific articles to be submitted for refereeing in the usual way, or in the form of shorter responses to be published in the forum for discussion.

Editor